

# Woensdag 17 November

Skrifgedeelte: Jesaja 42:18 –  
43:8

Fokusgedeelte: Jesaja 43:1  
(1953-vertaling)

## God sê: Jy is Myne

In God se liefde en geregtigheid het Hy sy volk in ballingskap laat gaan omdat hulle ongehoorsaam aan Hom gebly het. Ongehoorsaam, ten spyte daarvan dat Hy herhaaldelik sy profete na hulle gestuur het om hulle tot bekering te roep.

Maar nou, ná ongeveer 70 jaar, het die tyd van verlossing, die tyd wat God bepaal het, aangebreek vir die volk (Jes. 42:1): *Maar nou, so sê die HERE, jou God, o Jakob, en jou Formeerder, Israel: Wees nie bevrees nie, wat Ek het jou verlos; Ek het jou by jou Naam geroep; jy is Myne!*

Die Here spreek sy volk aan as Jakob en dan as Israel. Hierin sien ons dat God aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob dink. Die ewige genadeverbond wat God met Abraham en sy hele nageslag opgerig het. Die verbond wat sê dat hulle sy volk en Hy hulle God sal wees. Al was die volk ontrou aan die HERE, bly die HERE altyd getrou aan sy verbond met hulle.

Dis die genadeverbond waarin ons ook gebring is deur ons geloof in Jesus Christus, die Seun van die lewende God. Ons elkeen het ons vrese en bekommernisse in die lewe waar dit voel of ons in ballingskap is, omdat ons nog in 'n onvolmaakte toestand lewe. Die HERE sê ook vir jou: *Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou Naam geroep; jy is Myne!*

Ja, ook jy is kosbaar vir die HERE, omdat die Heilige Gees die geloof in Christus in jou gevestig het. Omdat jy vir Here kosbaar is, kan jy ook die wonderlike verwagting hê dat Christus op pad is om vir jou die volkome verlossing, ook van die aardse stryd wat soms swaar kan wees, te bring. Laat ons met blydschap die Here in opregtheid dien, want Hy is nooit sy Woord ontrou nie.

*Sing: Psalm 146-1:8*

*Ds. R Jansen van Vuuren (Riaan) (Lichtenburg)*